*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die demokrasie dra die sotte besluit van tien dwase groter gewig as die verstandige besluit van nege wyses.*




*In die gesagstaat van die Ossewabrandwag triomfeer die verstand van die wyses oor die sotheid van die dwase.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 12 MEI 1943. No. 25.

# Sosiale Hervorming Nodig Op Nasionale Grondslag

## Dr. Van Rensburg Voor Groot Skare

**,,As daar nie knellende ellende en verwaarlosing is nie, sal daar ook geen kommunisme wees nie. Sosiale hervorming is noodsaaklik om die gevaar by die wortel aan te pak,'' het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, gesê toe hy en genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., voorverlede Saterdag 'n geweldige groot vergadering by die Florida-meer, Johannesburg, toegespreek het.**

Dr. Van Rensburg het verwys na die beskuldiging dat die Ossewabrandwag die vyfdekolonne in die land is. Vir meer as veertig jaar is die Afrikaner deur die Lawrences, die Marwicks en die Kantorowitze beskuldig as vyfdekolonners, maar dit is verdra omdat ons weet dit loop nou ten einde. Ons weet dat daardie vyand se dae getel is en dat hy in sy fondamente geskud is — sowel hier as oorsee.

Dit sou egter gevaarlik wees om te dink dat die stryd daarmee gewonne is, en dat die Empire die laaste gevaar is. Die wêreldwye ateïstiese kommunisme is die mees bodemlose afgrond wat ons kultuur in die wêreldgeskiedenis geken het. Hier het u te doen met 'n wêreldstryd teen 'n wêreldwye organisasie wat geen God ken nie, geen volk ken nie en geen vaderland ken nie. Hy ken net haat en afbreking en die strewe na mag.

Die gevaarlikste van al die vyfdekolonners in ons land is dié van Moskou. Want van al die partye is die Kommunistiese Party die een wat openlik sy absolute onderworpenheid aan 'n oorsese bevelvoerder betuig. Die Kommunistiese Party hier is slegs 'n afdeling van die wêreldwye Kommunistiese Party, die Komintern.

Toe dr. Colin Steyn wat sy mede-Afrikaners regs en links sonder verhoor in die tronke en kampe stop en laat mishandel, amptelike erkenning verleen het aan die Kommunistiese Party, was dit nie net aan sy kameraad Moses Kotane of aan sy Joodse bondgenote Snitcher en Kahn nie, maar in die eerste plaas 'n erkenning van die reg van die Sowjets om hier te agiteer teen die blanke Afrikanerdom.

Die hoofsekretaris van die Komintern daar oorkant is Stalin. Hier is die sekretaris Moses Kotane, die gunsteling van die Minister van Justisie. In elke land is die plaaslike party net 'n seksie of tak van die Komintern. Hulle moet die besluit uitvoer van die uitvoerende komitee van die Komintern wat bevele gee as die kongres nie sit nie.

En die agitasie van hierdie mense is geslepe. Hier het hulle as slagkreet die bewapening van naturelle. Dit is 'n uitvloeisel van 'n besluit van hul wêreldkongres.

Daardie besluit lui: ,,Die oorwinning van die proletariaat beteken die bewapening van die proletariaat en die ontwapening van die burgerlike element.'' In Suid-Afrika sal dit beteken die bewapening van die naturel en die ontwapening van die blanke — die Afrikaner. Daarom dring hulle aan op die bewapening van die naturel. Op die ontwapening van die Afrikaner hoef hulle nie aan te dring nie, want die handlanger-regering het dit reeds gedoen.

As magspolitieke organisasie het die kommunisme nog oral waar hy die bewind gekry het, sy dit tydelik of andersins, dit nie verkry deur parlementêre metodes nie. Hy verkry die mag deur geweld en magsgrepe en nie deur middel van parlementêre meerderhede nie. **En veral in Suid-Afrika kan dit nie anders wees nie. Hier het die proletariaat, die mense wat die mag moet kry, nie 'n stem nie. Hulle kan hulleself net buite die parlement laat geld en net buite die parlement beveg word.**

**,,Ek sê vir u die dag sal kom en spoedig kom waar die Afrikanerdom die Here sal dank dat Hy betyds 'n volksbeweging laat ontstaan het wat die volk saamgesnoer het vir buiteparlementêre afweer-aksie, wat vinnig en beslis kan optree dwarsdeur die land, nie net elke vyf jaar met kruisies nie, maar elke dag en elke nag van elke jaar — 'n organisasie wat nie in kiesafdelings en kongresse verdeel is nie, maar in weerbare kommando's onder offisiere wat meer as drie jaar lank al teen 'n oormag moes veg. Dis 'n organisasie wat ideologies en organisatories in ons volk die sterkste teenvoeter is teen die kommunisme. Dis die Ossewabrandwag, die eerste-kolonne van die Afrikanerdom wat gekant is teen alle vyfde-kolonners, of hulle nou uit Londen of uit Moskou hulle steun kry,'' het hy uitgeroep.**

(Vervolg op bls. 2, kol. 4)

## 'N HUIS VIR ELKEEN

'n Eie huisie met 'n stukkie tuingrond en speelplek vir die kinders, en dit vir elke huisgesin! Dit is die beleid van die Ossewabrandwag, soos prof. L. J. du Plessis dit op Stellenbosch gestel het.

Vir ons arm volksgenote wat onder die huidige uitbuitstelsel in krotte en kamertjies aan hul lot oorgelaat is, klink hierdie toekomsbeeldjie ongetwyfeld soos so baie ander verkiesingsbeloftes wat jaarliks deur die partymasjiene afgerol word. Die Ossewabrandwag is egter geen politieke party wat stemme soek nie. **Vir ons lede doen ons geen beloftes nie.** In teendeel, ons stel aan hulle die eis **om alles te offer,** ja selfs hul lewe, in belang van die vryheid.

Hierdie beleid is deel van die Ossewabrandwag se geloof, daardie geloof naamlik, dat 'n volk bestaan uit gesinne en dat jou volk alleen dan gesond en selfstandig sal wees as elke gesin gesond en selfstandig is. Wat ons doen en gaan doen doen ons uit liefde vir ons volk.

Is dit blote beloftes? Kyk na Duitsland waar hierdie selfde gees van nasionale hoederskap reeds geleentheid gekry het om hom uit te lewe. Selfs demokrate erken dat hierdie gees in Duitsland ,,wonders verrig het.''

Die Ossewabrandwag bereken nie vooruit nie. Hy stel sy ideaal en beweeg daarheen al gaan die pad oor die onmoontlike. **Hy gaan ook ,,wonders verrig.''**

# Empire-Blad Beskryf Toestand In S.A.-Tronke as Ongelooflik

**In 'n artikel waarin die toestande in die Unie se tronke beskryf word as verouderd en barbaars, verskyn in die Cape Argus van 4 Mei. Daarin word ook aan die lig gebring dat die Regering van die kant van die Instituut vir Rasseverhoudings versoek is om ondersoek in te stel na ons tronkstelsel, maar dat die Minister van Justisie dit nie wil toestaan solank die oorlog duur nie.**

Die blad verwys na die klagte van 'n Britse seeman wat, nadat hy 'n paar dae in 'n Suid-Afrikaanse tronk was, verlang het na sy gevangeskap in 'n Duitse kamp in Dakar waar hy 'n maand lank aangehou was.

,,Dit is maar een van die groot aantal klagte wat die Argus in die afgelope tyd bereik het oor toestande in ons tronke. **Die verhale wat vertel word, is ongelooflik,'' verklaar die blad. ,,By voorbeeld, gevangenes word elke nag vir byna veertien uur opgesluit met 'n oop emmer in 'n swak geventileerde sel as die enigste sanitêre gerief. Hulle slaap op strooimatte op sementvloere met net twee komberse om hulle toe te maak.** Hulle is onderhewig aan eensame opsluiting en ontneming van hul maaltye vir dissiplinêre oortredings. Hierdie toestande geld nie net vir veroordeeldes nie, **maar ook vir mense wat op verhoor wag. Sommige van hulle ondergaan hierdie behandeling en word dan later onskuldig bevind.''**

Die Minister van Justisie het beloof om ná die oorlog ondersoek te laat instel. ,,Waarom hierdie belangrike vraagstuk moet wag terwyl kommissies aangestel word vir allerhande ander dinge, is onverstaanbaar,'' aldus die artikel.

,,Die publiek word geheel en al in die duister gehou oor wat in die tronke aangaan. Niemand word toegelaat om nader as honderd tree van 'n tronk af rond te loop nie, **en geen besoeker aan 'n tronk of bewaarder of enige ander amptenaar word toegelaat om enigiets wat hy gesien of verneem het aangaande die tronkbestuur aan die publiek of die pers te openbaar nie.** As hy dit sou doen, is hy onderhewig aan straf.'' Totsover die Argus.

Meer as 'n jaar gelede het die Ossewabrandwag skokkende onthullings gedoen in verband met die behandeling wat Afrikaners in die Sentrale gevangenis van Pretoria ondergaan — onthullings wat die klagtes van die Argus tot 'n aanloklike ideaal verhef. Hierdie Afrikaners was aangehou ,,met die oog op ondervraging,'' soos dit in amptelike taal lui, **waarmee eintlik bedoel word dat van hulle verwag word om skuld te beken.** Enkeles het skuld beken en is op vrye voet gestel of baie lig gestraf. In een geval is so'n persoon wat skuld beken het deur die magistraat ten spyte van sy erkenning onskuldig bevind en ontslaan!

Wanneer die bevoorregte onderdane van die Geallieerdes, wie se straf deur die Minister van Justisie byna met die reëlmaat van roetine opgehef word, genoodsaak voel om te kla oor die behandeling wat hulle ontvang in die tronke, kan ietwat van 'n denkbeeld gevorm word van wat Afrikaners moet ondergaan wat met die oog op skuldbekentenis vir onbepaalde tyd aangehou word. As die Argus die behandeling wat die ,,groen oorlogshout'' te beurt val, as ,,ongelooflik'' beskryf, **wat moet die behandeling van die ,,dor republikeinse hout'' nie wees nie! En dan verstaan 'n mens waarom die Minister van Justisie geen ondersoek wil laat instel solank die oorlog duur nie!**

## O.B. Verskuif na Groter Kantore

**As gevolg van die jongste ontwikkeling van die Ossewabrandwag het aansienlike uitbreiding van sy hoofkwartier-personeel in Kaapstad noodsaaklik geword. Omdat geen toereikende getal kantore op die negende verdieping van die Groote Kerkgebou bygevoeg kon word nie, is die kantore van hierdie week af verskuif na die sesde en sewende verdieping van dieselfde gebou, waar twee groot blokke kantore—byna dubbel so groot as die vorige—reg onder mekaar betrek is.**

**Ons hoop om in 'n volgende uitgawe 'n uiteensetting te gee van die georganiseerde stelsel van die Ossewabrandwag.**

## PARTYSTELSEL MAAK SO

,,As 'n mens privaat met die Sappe hieroor (die kleurvraagstuk) praat stem hulle met jou saam dat daar apartheid moet wees in skole, hospitale, woonbuurte en op ander gebiede, **maar daar in die Volksraad stem hulle teen jou.''** —Dr. D. F. Malan op Garies, volgens Die Burger van 3 Mei 1943.

Dit is juis die Ossewabrandwag se beswaar teen die partystelsel dat dit mense wat eenders oor vraagstukke dink, dwing om van mekaar te verskil!




DIE O.B., WOENSDAG, 12 MEI 1943.

# Eenheid die Doel van Ons Belangstelling

Omdat die ossewabrandwag 'n beweging is wat geen belang stel in parlementêre verkiesings in sover dit sy eie strewe betref nie, mag dit vir sommige miskien vreemd klink dat daar van O.B.-kant voorstelle gedoen word in verband met 'n moontlike algemene verkiesing en dat ons blad self oënskynlik begaan is oor 'n verkiesingstryd. As die Ossewabrandwag se standpunt ontleed word, sal bevind word dat hierdie optrede van hom nie alleen glad nie vreemd is nie, maar inderdaad deel uitmaak van sy beleid.

**Die Ossewabrandwag het uit die staanspoor volgehou dat ons ons vryheid vir die duur van die oorlog nie langs die weg van die stembus kan verkry nie.** Ons het daarop gewys dat die finale seggenskap oor die hou van 'n verkiesing by die Regering alleen berus, en dat hy slegs dan 'n verkiesing sal uitskryf as hy buite alle twyfel oortuig is dat hy weer die oorwinning sal behaal. Insover die Afrikanerdom deelneem aan 'n verkiesing wat also deur die Regering uitgeskryf word, **is dit slegs bereken om Smuts die skyn van 'n volksmandaat te verleen wat hy sedert die uitbreek van die oorlog nog nie gehad het nie.** Waar hy hom voorheen net op 'n parlementêre besluit kon beroep het, sal hy na so'n verkiesing hom op die **volk** se besluit kan beroep om sy oorlogsbeleid te regverdig. Om hierdie rede het ons aan die hand gedoen dat die volk hom as geheel aan die klug van 'n verkiesing moet onttrek. Met so'n demonstrasie sal ons baie meer bereik as om deel te neem aan 'n verkiesing wat deur die Empire-bewind gemanipuleer word.

Ons het nog 'n tweede beweegrede aangevoer waarom die stembus vir die duur van die oorlog van geen waarde as wapen is nie. **Dit was naamlik dat Engeland en Amerika nie sou toelaat dat Suid-Afrika hom aan die oorlog onttrek nie — laat staan nog 'n republiek word! —** indien by misrekening van Smuts die nasionale Afrikanerdom tog aan die bewind kom. Dit moes dus vir partyondersteuners ietwat van 'n slag gewees het om voorverlede week uit die mond van hul leier te verneem dat die Ossewabrandwag in hierdie opsig nie so alte verkeerd was as wat hulle aan die verstand gebring is nie. **Op sy reis deur Namakwaland het dr. Malan nou erken dat 'n stembusoorwinning ons nie uit die oorlog sal kan bring nie.** Die meeste wat hy hoop om vir die volk te kan doen, is om ons troepe terug te trek van die front en vyandelikhede teen Duitsland tot ons landsgrense te beperk. As rede vir sy pessimisme noem hy Engeland en Amerika se voorneme om Suid-Afrika as oorlogsbasis te behou.

**Niemand minder nie as dr. Malan het dus nou erken dat die stembus vir die duur van die oorlog vir ons volk van nul en gener waarde is.** Ons kan nie eens met Duitsland vrede maak nie, maar sal inteendeel in 'n staat van oorlog met hom bly verkeer tot vermaak van die Empire. **As die stembus ons nie eens die mag sal gee om uit die oorlog te tree nie, watter hoop het ons volk nog om deur middel van die stembus uit die Empire te kom?**

'n Verkiesing in die toestand van verdeeldheid waarin ons volk vandag verkeer, kan egter vir ons volk 'n groot **terugslag** in sy strewe na vryheid beteken. Ons huiwer as ons dink aan die verbittering wat gaan volg op 'n eleksiestryd tussen twee of meer republikeinse partye! **Sal daar weer 'n eeufees wees om die verbittering uit te wis soos in 1938 ná die swartste verkiesing wat ons volk nog oorlewe het? En die wins? Niks vir ons volk nie, en miskien nog minder vir die vegtende partye, want watter hoop het hulle om tot hul setels een enkele by te voeg in 'n driehoekige stryd waar die republikeinse kragte versplinter is?**

Dit is teen hierdie gevaar wat die Ossewabrandwag met alle mag wil waarsku en daarom stel hy belang in die verkiesing. **Hy stel in sover belang daarin as wat hy eensgesinde op-**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**trede onder die Afrikanervolk kan bewerkstellig. Kan daardie eensgesindheid nie bereik word deur gesamentlike onthouding aan die „kakie-eleksie" nie, dan is hy bereid om self sy gewig in te gooi indien 'n volksfront gestig kan word.** Sy oogmerk is nie 'n **setelwins** nie, maar 'n **eenheidswins** wat ons volk sal behaal indien hy 'n gesamentlike optrede kan bewerkstellig. Vir hierdie eenheid sal hy hom bly beywer want volkseenheid is een van die twee hoof-ideale van sy strewe.

# Min of Meer Belangrik

## Smuts offer 18 Setels vir Eleksie-ooreenkoms

Die verkiesingsooreenkoms tussen die Verenigde, Dominion- en Arbeiderspartye is verlede week aangekondig. Die Arbeidersparty word toegelaat om die vier setels wat hy tans in die parlement verteenwoordig tesame met nog vyf nuwes alleen te betwis, terwyl die Dominion-party sy agt ou setels plus een nuwe sal betwis. In hierdie setels sal die Verenigde Party geen kandidate stel nie.

**Deur hierdie reëling het genl. Smuts gesorg om sy eenheid in belang van die Empire te behou. Hy offer agttien setels op terwille van die samewerking van twee minderheidspartye.**

Aan republikeinse kant was die Afrikanerparty bereid om net die agt setels te betwis wat hy tans verteenwoordig, en die Pirowgroep was bereid om sewentien setels prys te gee terwille van 'n dergelike ooreenkoms in belang van die Republiek. Dit het misluk omdat dr. Malan geweier het om die Afrikanerparty die agt setels wat hy het, te laat behou.

Smuts gaan die verkiesing verenigd tegemoet; die Afrikanerdom staan verdeeld.

## Demokratiese Boerdery Verder Vooruit

In die afgelope week is die stigting van nog 'n party in die Suid-Afrikaanse politiek aangekondig. Dit is die Onafhanklike Arbeidersparty wat veral die skepping van die Klerewerkersunie in Johannesburg is.

Sover bekend, bring dit die aantal politieke partye in ons land nou op tien te staan — wat besonder goed vergelyk met Italië en Duitsland se rykdom aan volksverdeeldheid kort voor Mussolini en Hitler se volksbewegings die staat oorgeneem het. In Italië was daar naamlik sewentien opposisiepartye op die tydstip toe Mussolini na vore gekom het, terwyl Duitsland sy magteloosheid in terme van veertig partye kon bereken.

Vir ons klein bevolking in vergelyking met daardie lande, behoort die produksie van partye dus nou ongeveer sy volheid te bereik het.

## Staking in Amerika

In Amerika het byna 'n halfmiljoen steenkoolwerkers verlede week begin staak. Begunstiging van die rykes en verwaarlosing van die broodwinners deur hierdie kapitalistiese staat was die vernaamste oorsaak vir die ontevredenheid.

Pres. Roosevelt het bevel gegee dat die regering die steenkoolmyne oorneem en troepe is in gereedheid gebring. Kort daarna is aangekondig dat 'n wapenstilstand vir veertien dae gesluit is waarkragtens die werkers hul werk sal voortsit onderwyl verdere onderhandelings aan die gang is.

## Skaam nie om dit te sê

Die Britse hoë kommissaris in Kanada het verlede week op 'n perskonferensie verklaar dat die oorgrote meerderheid van Kanada se 450,000 soldate in Engeland is **en dat hulle afgerig word om die speerpunt te vorm vir die aanval in Europa.** Wie op hul hakke sal volg, word nie gesê nie, maar ons kan met veiligheid aanneem dat dit nog nie die Britte self sal wees nie.

## Stryd in Tunisië Beëindig

Met die val van Tunisië verlede week het die groot Brits-Amerikaanse offensief in Noord-Afrika na baie maande ten einde geloop. Deur hierdie strategiese punt sonder groot kraginspanning prys te gee, het die Duitsers klaarblyklik verkies om nie 'n tweede front te skep waar die Britte dit verlang nie. Die moontlikheid bestaan nou dat hulle die Britte sal dwing om 'n tweede front te open waar dit beter in die kraam van die Duitse Opperbevel pas, of moontlik nog daartoe oorgaan om self hul eie tweede front te skep voordat die Britte dit doen.

# Sosiale Hervorming Op Nasionale Grondslag

(Vervlog van bls. 1)

### Sosiale Hervorming

Ons sal egter 'n fout begaan as ons meen om die kommunisme met onderdrukking te beveg. As daar nie knellende ellende en verwaarlosing is nie, sal daar ook nie kommunisme wees nie. **Dit groei uit ekonomiese nood en misstande, en dit moet, benewens afweer, ook by die wortel aangepak word deur sosiale hervorming en werkersorganisasies en deur kapitalistiese uitbuiting stop te sit.** In kort, deur sosialisties te werk te gaan is menslik gesproke die enigste uitweg uit die chaos van ons tyd, want ons leef in die sosialistiese tyd. Wat op die spel is, is egter nie sosialisme nie, want dit kom vanself. Die stryd is tussen nasionalisme en anti-nasionalisme. Hierdie twee gedagtes, albei sosialisties gevorm, bots vandag in 'n onverbiddelike stryd.

Die kommuniste roep ook sosialisme, maar by hulle beteken dit die vernietiging van alles wat heilig en alles wat nasionaal is. En in Suid-Afrika sê die Ossewabrandwag sosialisme moet nasionaal wees of hy beveg dit.

„Nasionaal-sosialisme, ja, maar internasionale sosialisme, nooit!" het hy uitgeroep.

**Dr. Van Rensburg het verklaar dat nasionaal-sosialisme nie uit programme of konstitusies kan bestaan nie. Dit gaan veel dieper as papier en ink. Dit is 'n uitkyk op jou pligte wat jou hele mentaliteit en jou hele werk en wandel deurdrenk met selflose en offervaardige dade — nie woorde op papier nie. Dit is iets wat jou laat roep: „Ja, ek is my broer se hoeder," en wat jou as jou broer se hoeder laat swoeg en tronk- en kamp-toe gaan. „Dit is nasionaal-sosialisme.**

**En in Suid-Afrika het hy besluit, het die Ossewabrandwag by uitstek na letter en na gees in hierdie lewenstyl gehandel en gely en geveg. Daarom het hierdie beweging aan vriend en aan vyand bekendgemaak dat hy staan en val by die Christelik-nasionale gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, waar die nasionale en die sosiale drang een en dieselfde geword het, naamlik nasiediens.**

Genl. Smith het gesê dat die O.B. verklaar het dat hy nie die kruisie as die enigste middel beskou om 'n republiek te verkry nie. Die O.B. sal enige middel gebruik. Toe die tyd nou aangebreek het waar 'n verkiesing voor hande is en die poging met die kruisie aangewend kon word, het die O.B. aan die partye gesê dat hy sy hele organisasie sal inwerp as hulle een front kon vorm. Twee van die leiers wat betrokke was, het die O.B. se standpunt in hierdie verband onderskryf. Die ander leier het geweier.

Die O.B. gaan egter voort met volle vertroue en hy sal seëvier. Daar is een wapen wat moet oorwin en dit is die onoorwinlike wapen van die onwrikbare wil. Die verkiesing kan kom en die Kommunistiese Party, wat blykbaar gaan deelneem, sal miskien ook sy plek in die parlement gaan kry as 'n deel van die Oppisisie, maar die Afrikaner sal oorwin.

116 Takke 44,000 Lede — AVBOB — Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS
Sluit nader bymekaar aan.... Volkskoper Mark Bpk. lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees. *Stuur u vee en produkte aan u eie bemarkingsorganisasie.* As u ons eenmaal getoets het sal ons u steun blywend verwerf.
VOLKSKOPER MARK BPK.
Môremark — JOHANNESBURG — Newtown
Foon 34-1442 — Wolhuterstraat 62

Ten spyte van omstandighede, kry u nog steeds 'n besonders deftige verskeidenheid
Damesuitrusting
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES MODISTE
L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.

# Wat Nou Onder is sal Bo Wees as Ossewabrandwag Regeer

## Land sal Totaal Verander Word

**Dit word vertel dat die siener Van Rensburg voorspel het dat die hele Unie omgeploeg sal word wanneer ons ons vryheid kry. Wat nou bo is sal dan onder wees en omgekeerd, sou hy gesê het. As na die Ossewabrandwag se beleid gekyk word, lyk dit of hierdie voorspelling bewaarheid gaan word.**

Baie mense verkeer nog onder die indruk dat die Ossewabrandwag maar net die vryheid gaan bring en behalwe dat 'n Vierkleur dan oor ons land sal wapper en Afrikaans miskien bo aan amptelike stukke sal verskyn, die lewe maar weer sy gewone gang sal gaan. Niks is verder van die waarheid nie. **Die vryheid sal maar net die begin wees vir 'n omwenteling, of omploeëry, wat miskien nie eens deur die Britse verowering van 1902 geëwenaar sal word nie.** Ná 1902 is byna alle tekens van Boereskap uit ons staatslewe geweer. Britse stelsels het die ou Republikeinse stelsels vervang en waar die staat voorheen deur die landelike bevolking gedra was, is die middelpunt toe verskuif na die groot stede en die nywerhede wat alles in hande van vreemdes was.

**Ná magsaanvaarding deur die Ossewabrandwag sal die bestaande orde sowel politiek as maatskaplik tot op die grond afgebreek en daarna op Boeregrondslag heropgebou word. Dit sal 'n totaal ander land wees as dié waarin ons vandag leef.** Dink maar net aan die gebiedsindeling van ons land. Daar sal geen provinsies meer wees nie. Die Vrystaat sal dan nie meer moet worstel om elke jaar sy begroting te laat klop terwyl Transvaal met 'n oorvol skatkis sit nie. Die Vrystater op die linkeroewer van die Vaalrivier sal dan nie meer dubbel die belasting moet betaal as sy buurman op die oorkantse oewer wat sy produkte aan dieselfde winkelier as hy verkoop nie. Hierdie kunsmatige grense sal nie meer bestaan die oomblik as die Ossewabrandwag aan bewind kom nie. In plaas hiervan sal die land verdeel word in natuurlike streke volgens aard en behoeftes van die bevolking, maar nie om 'n soort eie staatjie te vorm soos die provinsiale besture nie, want almal bly nog onder die regstreekse bestuur van die sentrale Regering. Die verdeling geskied alleen om die staat beter geleentheid te gee om aandag aan die besondere behoeftes van die streek te skenk. Skaapboere sal nie meer deur 'n prokureur verteenwoordig word nie, maar deur 'n skaapboer, en mielieboere deur 'n mielieboer.

### MOSIES OORBODIG

Die ou politieke partytwiste waar ons volk al so gewoon aan geraak het dat ons mekaar nie meer as Afrikaners geken of selfs as mede-kerkgenote nie, dog net as Sap of Nat, sal dan iets van die verlede wees. Daar sal geen partygenote meer wees nie, dog net volksgenote. Dit sal dan ook nie meer nodig wees vir 'n groep ontevredenes om protesvergaderings te hou en „mosies" van dit of dat aan te neem nie. Hierdie vermaak sal ons volk dan gespaar wees **omdat hy dan nie meer deur 'n partyregering regeer word wat net die belange van sy eie groep behartig nie, maar deur 'n volksregering wat die belange van elkeen wil behartig om sodoende die belange van die hele volk te bevorder.**

Die gekyf tussen koerante wat gemaak het dat elke man „sy koerant" het wat hy lees en glo, sodat jy maar net vir 'n persoon kon vra watter koerant hy lees om uit te vind wat sy oortuiging is, sal dan gestaak wees. **Al die koerante sal dan die welvaart van die volk nastrewe en nie meer individuele of groepbelange nie.** Dit beteken nie dat die staat al die koerante gaan oorneem nie, maar daar sal toesig oor hulle gehou word sodat hulle die volksgees nie kan vergiftig nie. **Die taak van 'n koerant sal dan nie meer wees om 'n eleksie vir die of daardie party te wen nie, en daarom te verswyg wat skadelik vir die eie-groep is en te vergroot wat tot skade vir die teenstander is nie, maar hulle sal die volk voorlig en inlig sodat elke volksgenoot uit sy koerant presies sal verneem wat in sy land en in die buiteland aangaan.** Dit sal dan nie meer nodig wees om met die mond te sê al die koerante lieg, maar met die hart darem daardie leuens te glo nie.

### KOLONELS EN ADVOKATE

Die parlement sal daar nie meer wees nie, en beroepspolitici met al hul mooi toesprake en beloftes sal nie meer gevind word nie. In die plek hiervan sal daar 'n President wees wat regeer met vakmanne. Soiets dat 'n kolonel Minister van Mynwese of 'n advokaat Minister van Landbou is, sal nie meer plaasvind nie. **Die President sal vir elke belangegroep een uit sy midde aanstel. Aan die hoof van die landbou sal staan 'n boer, aan die hoof van die Spoorweë 'n spoorwegman, aan die hoof van die regspleging 'n regsgeleerde en aan die hoof van onderwys 'n onderwysman.**

Ons myne sal nie meer die eiendom van vreemdes wees waar Afrikanerseuns in die donker skagte moet verkwyn ten einde die sakke van oorsese avonturiers met reuse-dividende te vul nie. Ons land sal dan nie meer net met die rou mynhope bly sit en Londen en New York met die goud nie. **Die goud van ons vaderland sal dan uitgehaal word in belang van die Boerevolk. Die geld sal aangewend word om ons arm volksgenote op die been te bring en van werk te voorsien.** Dit sal dan ook nie meer nodig wees vir ons mynwerkers om vertoë te rig tot die dowe ore van die uitlandse base om gesonder werktoestande te verskaf nie. Nee, die President in wie se are dieselfde bloed vloei as in daardie mynwerkers s'n, sal besef dat die mynwerker van vandag die stamvader is van die geslag van môre en dat hy vandag gesond moet wees om môre 'n gesonde nageslag te laat lewe. **Vir sy gesondheid en vir sy toekoms sal gesorg word omdat die staat dit graag wil, en nie omdat die mynwerker daarvoor vra of dreig nie.**

Ons Spoorweë sal nie meer onderhou word net om 'n politieke minister die geleentheid te gee om in die parlement te spog met groot oorskotte nie. **Die spoorweë van die land sal daar wees vir die gerief van die volk. Elke volksgenoot moet in staat gestel word om sy pragtige land van grens tot grens te besigtig en om van die produkte uit alle dele te geniet.** Spoorvrag en treintarief sal dan so gereël wees dat elkeen, ryk of arm, gebruik van die treine sal kan maak.

Ons stede sal 'n skoonmaak ondergaan wat hulle 'n nuwe aansien sal verskaf. **Groot gebiede wat vandag vol krotte en bouvalle is, sal dan gesloop en met die grond gelyk gemaak word. Daarna sal hulle heropgebou word sodat wat vandag bekend is as die agterbuurtstreke later miskien nog die spogdele van ons stede gaan word.** Die stede self sal nie meer regeer word deur vreemdelinge nie, maar deur Afrikaners wat geen ander belang as die welvaart van hul land en volk ken nie.

Ons geregshowe wat so onafrikaans is dat dit belangrike nuus was toe 'n nuwe regter onlangs die eed in Afrikaans afgelê het, sal dan heeltemal van karakter verander, want sleutelberoepe soos die regs- en mediese praktyke sal van alle uitlandse elemente wat geen begrip van ons volksgevoel het nie, gesuiwer word. Hierdie beroepe sal toeganklik gemaak word vir die Afrikaner — ook vir die seun van die arm man, want almal wat die talent het, word opgelei en nie meer net die wat geld het nie.

# Partystelsel Delg Boeretradisie Uit

## Pres. Steyn se Houding Teenoor dié van Politici

Hoe ver die Britse partypolitieke stelsel ons volk weggesleep het van sy eie tradisies en opvattings, blyk uit onderstaande aanhaling uit die boek M. T. Steyn, deur dr. N. J. van der Merwe, waarin die skrywer pres. Steyn se standpunt ten opsigte van 'n verkiesing weergee.

„Volgens Artiekel Twaalf van Hoofstuk xxvii van die Wetboek 1891, moes die kandidate vir die setel van President in antwoord op rekwisiesies wat van tyd tot tyd hulle aangebied word, hulle beskouinge omtrent die politieke kwessies van die dag in die Goewermentskoerant uiteensit.

**„Dit was nie die gewoonte vir so 'n kandidaat om die land deur te reis en oral deur toesprake stemme te werf nie. Fraser was die eerste en enigste wat dit ooit in die Vrystaat gedoen het. Hierdie handelwyse het ook veel kritiek teen hom uitgelok.**

„Meer as een ondersteuner van Steyn het egter onrustig begin word en het gevolglik die Regter aangeraai om ook maar van die ou gewoonte af te stap en die volk persoonlik oral sy politiek verklaar. **Steyn wou nie. Hy was selfs daarop teen om eleksieagente aan te stel. Hy wou geen enkel pennie spandeer om hom in die setel te kry nie. Toe by hom aangedring was het hy eenvoudig geantwoord: „Die betrekking moet my soek, ek soek nie die betrekking nie."**

Hoe vergelyk hierdie volkspolitiek met die Britse partypolitiek waar kandidate op die rug van partyorganisasies van verhoog tot verhoog rondgaan om mede-Afrikaners te kleineer en te belaster net terwille van 'n parlementêre setel!

## OFFISIER UITGEDAAG

Ons volk is al gewoon aan die politieke uitdagings waar Afrikaner teen Afrikaner op die openbare verhoog klim en mekaar belaster en bemodder. Binne die Ossewabrandwag is daar egter 'n baie beter manier om uit te daag, en die voorbeeld is gestel deur offisiere van die Ourora-Velddrift-kommando's. Veldkt. J. H. Lambrechts het komdt. J. H. Visser uitgedaag om £20, saamgestel uit £1-bydrae, binne drie weke in te samel vir die Noodhulpfonds, dan sal hy £5 byvoeg. Binne veertien dae was £20-10-0 ingesamel en kon £25-10-0 in die fonds gestort word. Die volgende persone het saam met komdt. Visser hul ponde gegee: Theunis Gestener, O.B.-Vriend, Christiaan Visser, G. L. Visser, J. H. Visser, jr., J. H. Visser, sr., Bunnie Rocher, Amos Visser, Frickie Thiart, F. Thiart (Koekie), Johnnie Rocher, Jan Smit (Tos), Johan Buhr, J. H. Visser, Kit Tolken, Dirk van der Westhuizen, Gert Coetzee, Haert, Pierre Rocher, A. Brink (10s.).

## VERJAARDAGKETTING

Almal wat name aan „Die O.B." stuur vir die verjaardagketting moet streng daarop let dat die volle datum (jaartal ingeslote) van geboorte van elke jeugfront-lid verstrek word. Dis onontbeerlik vir die behoorlike administrasie van die verjaardagketting. Waar reeds name opgestuur is moet seker gemaak word dat aan hierdie vereiste voldoen is.

**13 Mei:** Giliam A Smit (Beaufort-Wes), Dirk Kotze (Paarl); **14 Mei:** Molly Marais (Knysna), Maria Kruger (Tiervlei), Chris van Ryswyk (Stellenbosch), Cornelia Bester (Paul Roux); **15 Mei:** David Vermaak (Port Elizabeth), Willem Young (Houtbaai); **16 Mei:** Augusta C. Kirschbaum (Epingtuin Dorp), Sarah Kapp (Port Elizabeth); **17 Mei:** Susanna Heyns (Sutherland); **19 Mei:** Charles Barnard (George), Pieter Kitshoff (Dist. Stellenbosch), Krisjan Deupers (Paarl).


Voeg DIE DAAD by DIE WOORD Rook Patriot

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. Hereforedstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

LEERWERK

HIER is die geleentheid waarvoor u gewag het!

(a) Bestel 'n Sakportefeulje ('wallet') van egte Leer, Riempie omgewerkte buite nate—6 dm. x 4 dm—Bruin of Swart met 'O.B.' Vlag, Perdekop of Koedekop in oorspronklike permanente kleure, teen 17/6 elk.

(b) "Spesiale Maak" met 'O.B.' Wapen, of selfde ontwerpe op teen 25/- elk.

(c) "Spesiale Populêre Maak" in pragtige gemengde kleure met u Voorletters en Van, binne ingegrafeer in gekleurde Kunsskrif en met enige Wapen op voorkant teen 30/- tot £2 elk. Kontant met Bestelling, Posvry.

Kontant by aflewering 1/6 ekstra. Tevredenheid gewaarborg.

BENKRUNO-KUNS-DIENS."

Posbus 232, Bethlehem.

Ondersteun Ons Adverteerders

VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL

(EDMS.) BPK.

Kerksaal-Gebou .·. Voortrekkerweg



MAITLAND



Boere!!

Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:

Stuur u vee aan ons—die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark

Skryf vir besonderhede en permitte.

Posbus 22. Foon 5-2370. Telegramme: GEWIG.

MAITLAND.

## TRONKE STUIT GEEN VOLKSBEWEGING

### Voorbeelde uit Buiteland

In die stryd om vryheid teen die vreemde instellings in ons land het baie Ossewabrandwaglede in hierdie tyd kennis gemaak met die binnekant van die Empire se tronke. Van sekere kant uit ons Afrikaanse geledere is op hierdie mense geskimp as „misleides" wat bejammer behoort te word, slagoffers van 'n dwase optrede van „kinders in die politiek."

Miskien sal hierdie mense anders dink oor hul volksgenote se selfoorgawe in belang van hul volk as hulle verneem dat die pad van volksbewegings in ander lande ook maar deur die tronke gegaan het. Hitler was tweemaal in die tronk. Die eerstemaal is hy tot vier weke tronkstraf veroordeel omdat hy 'n aanval op 'n kommunistiese vergadering gelei het, en die tweede keer is hy opgesluit nadat hy 'n staatsgreep begin het.

Mussolini, die Italiaanse volksleier was etlike kere in die tronk in sy stryd teen die demokratiese kapitalisme. Selfs in Switserland lê sy „vorige veroordelings" nog weggebêre in die polisiedokumente.

In Spanje het die stryd nie net deur tronke gegaan nie, maar ook deur strome bloed. 'n Volk se vryheid word nie in 'n leuningstoel gewen nie, **en al hierdie lande waar die volke in beweging en daarom ook in botsing gekom het met gevestigde magte, is vandag vry en hul volke gesond en gelukkig.**

## WAPENSKOU

Ons wil weer onder O.B.-lede se aandag bring dat Wapenskou, orgaan van die A.N.S., gereeld volledige stukke bevat waarin die beleid van die Ossewabrandwag behandel word. Studiestukke wat in ons blad weens beperkte ruimte net kortliks weergegee kan word, verskyn daarin volledig. Elkeen wat dus meer wil weet van ons vryskrywing — en elkeen behoort meer te weet — kan inteken op Wapenskou vir 5s. per jaar by Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch.

## O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:**

KAAPLAND TOT 6 MEI.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. | 7,386 | 5 | 6 |
| Weeklikse bydrae, Veldskoenkring, Oudtshoorn | 2 | 2 | 2 |
| Maart bydrae Robertson Vroue-Kom. Feb. en Maart | 4 | 5 | 0 |
| Kol. Vergadering A.K.G. Outeniqua Kom. | 2 | 7 | 7 |
| Vroue-Kom. Oos-Londen .. .. .. .. | 24 | 0 | 0 |
| Kol. Lyste Burgersdrop Kom. .. | 15 | 0 | 0 |
| Oudtshoorn Vroue — Nie-lede .. | 6 | 10 | 0 |
| Bellville Manne-Kom, Lyste 547, 640 en 641 | 28 | 5 | 11 |
| Vryheidsdag Kol. Worcester Kom. | 12 | 14 | 0 |
| Kaapstadse Remskoentoneel-vereniging | | 6 | 0 |
| Vroue-Kom. Kuilsrivier .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| Penkop Cornelia Dumas Kuilsrivier | | 7 | 0 |
| Veldkornetskap Hermanus .. .. | 1 | 0 | 0 |
| H/Kommandantskap Pearston .. | 50 | 0 | 0 |
| Asst. H/Komdte. F. Nel .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Aberdeen Vroue-Kom. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| Rookgeld mnr. M. C. Lubbe Tiervlei | | 5 | 0 |
| Offergeld Maart Manne- en Vroue-Kom. Stellenbosch | 10 | 12 | 9 |
| Stellenbosch Vroue-Kom. Offergeld Maart | 5 | 0 | 0 |
| Tzizikama Kommando's .. .. .. | 10 | 12 | 0 |
| Lys No. 649 Ladismith K.P. .. | 9 | 5 | 6 |
| Kol. Vergadering prof. du Plessis Steynsburg | 9 | 0 | 3 |
| Vryheidsdag Kol. Porterville .. | 5 | 0 | 0 |
| Bydrae Feb. en Maart Manne- en Vroue-Komds. Porterville | 15 | 11 | 0 |
| Vryheidsdag Kol. Paarl, Wellington en Franshoek Komds. | 27 | 3 | 7 |
| Mnr. W. F. Spies Worcester .. | 1 | 0 | 0 |
| Kol. Aberdeen Manne-Kom. .. .. | 3 | 5 | 11 |
| | £7,638 | 19 | 2 |

BYDRAES TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. | 1,478 | 19 | 2 |
| Manne-Kommando Kirkwood .. | 5 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Kirkwood .. | 5 | 0 | 0 |
| Selbourne Kommando .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| | £1,493 | 19 | 2 |


# VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingsertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA.

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank.

# Schoemanello-Drank . . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN

Posbus 142. Oudtshoorn.

*Maak Kennis met die*

# Nuwe Volkspele

**Opgestel deur Hester Morrison**

(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur

**M. L. de Villiers**

Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

**Prys 4/3 posvry**

**Bestel by die uitgewers,**

**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**

**Posbus 28, Stellenbosch**

**of by u Boekhandelaar.**

# *Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in........................

Naam........................

Adres........................

(O.B., 12 Mei 1943)........................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

# Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 16,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## GEBOORTE

Aan hoofgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl en hoofkomdte. mev. Van Zyl op 9 Mei, hulle eersteling, 'n seun.

## VERLOWING

**RAUTENBACH — DE WET:** Ons twee, Anna en Johannes, albei van Distrik Lindley, O.V.S., maak aan al ons familie en vriende(inne) bekend dat ons verloof is.

## DANKBETUIGING

**HUMAN.** — Die kinders van wyle M. G. Human, Wolwekraal, Senekal, bedank hiermee familie en vriende vir belangstelling en deelneming betuig met sy afsterwe.

## OOS-KAAPLAND AANDAG !

**O.B. in Port Elizabeth behaal nog 'n mylpaal. Vanaf 1 Mei 1943, sal die O.B.-Ruskamer vir O.B.-lede en alle goeie vriende, in die Gin-Geboue, Adderleystraat, Noord Einde, P.E., geopen word. Lank lewe die Ossewabrandwag.**


## BETREKKING GEVRA

AFRIKANERSEUN, 18 jaar oud, vra om Kantoorwerk. Matrikulasie-eksamen geslaag in Boekhou, Snel- en Tikskrif. Afskrifte van sertifikate en getuigskrifte op aanvraag. Doen aansoek by: **J. W. Fourie, Grootsorgfontein, Grootbrakrivier, Mosselbaai, K.P.**

JONG Afrikanerseun van 19 jaar met 2 jaar Handels-Kursus, wat in die volgende vakke geslaag het, Afrikaans, Handel, Boekhou, Wet en Ekonomie, soek 'n betrekking by 'n Afrikaanse Besigheid, en is gereed om van 12 Junie 1943 te eniger tyd dienste te aanvaar. **M. P. A. Bekker, P/a. mnr. S. Abrahams, P.K. Nuy, Dist. Worcester.**

## BENODIG

ASSISTENT Voorman vir melkplaas. Kennis van masjienerie en drywerslisensie 'n vereiste. Begin salaris £10, tesame met vrye huis, melk, ens. Doen aansoek met portret, getuigskrifte en gefrankeerde koevert aan: **„J." Posbus 8576, Johannesburg.**

DADELIK benodig, blanke Afrikaanse meisie, nie jonger as twintig jaar as leerling verpleegster in 'n verpleeginrigting. Salaris £5 per maand met vry losies en inwoning. Rig applikasies aan: **Matrone, Auckland Park-Verpleeginrigting, 13 Waltonlaan, Auckland Park.**

## TE KOOP

OPREGTE Australiese Bruin UIESAAD.

Beste van soort, goedgekeur deur Departement van Landbou, 7/- per pond, 6/6 vir meer as 10 pond, posvry, K.M.B. — **J. J. SPIES, „Rus-en-Vrede," Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

UIESAAD. — Vroeë Kaapse Plat geel, 6/6 per pond; Australiese Bruin, Spaanse Bruin, 5/6 per pond; Kaapse strooi 5/- per pond. Afslag op 100 pond en meer. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

KARAKOEL-RAMME. — Jong Ramme is tans beskikbaar uit volbloed Karakoelskape, wat spruit uit Neudam- en Grootfontein-Stoeterye. Teling geskied onder strenge beheer en met die beste deskundige raad. Pryse vanaf £30 tot £50 volgens klas. Skryf aan: **Mev. H. M. Burger, Bestuurderes, Toorkop Karakoel-Stoetery, Nieuwoudtville.**

SPEELSKEIE. — Van goeie hout. Bottelskeie teen 3/9. Kop-skeie teen 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.**

## KAROO-KRAALMIS

BESTE kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmistoestelle. Gelewer bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 goeie sakke, K.M.B. **A. Nel, Uitvlugt, Sheldonstasie.**

## KAROO BOK-KRAALMIS

BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel, 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

## HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

Posbus 660 — Johannesburg

GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde VRUGTEBOME; vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die UNIE sowel as elders. Sierbome, Struike, Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! Katalogus gratis.

## *RAMME*

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: **J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.**